# Tjokkie WEEKBLAD

5 Mei 2023 Uitgawe: 3/2/2023

## UIT DIE KANTOOR

Vir die afgelope paar weke was die skoolprogram so bietjie ontwrig met al die vakansiedae en skool wat vroeër verdaag het. Al die langnaweke is nou vir eers verby en die akademiese program kan volstoom voortgaan.

**Toetsweek:**

Volgende week begin die toetsweek vir die Gr. 4-7 leerders. Maak asb. seker dat die kinders goed voorberei vir die vraestelle wat geskryf word. Die leerders het reeds hul toetswerk ontvang. Bevestig asb. met u kind of hy/sy al die nodige afbakenings vir die toetse ontvang het.

**ATKV Applous:**

Eerskomende Maandag neem ons senior koor deel aan die ATKV se bekende Applous-kompetisie. Dit is 'n eerste vir Tjokkies. Baie sterkte aan juff. Jo-Retha Rossouw en Marietjie Langenhoven asook elke lid wat kliphard geoefen het vir hierdie groot geleentheid. Ons hou styf duime vas dat julle sal deurdring na die volgende rondte.

**Veiligheid:**

Ek rig graag die volgende versoek aan ouers wat hul kinders buite die skoolterrein kom aflaai in die oggende om nie tot teen die heining te stop nie. Los asb. 'n spasie voor u voertuig sodat kinders aan die voorkant van voertuie na ingangshekke sal beweeg. Wanneer hul agter ander voertuie beweeg, is hulle nie sigbaar in die truspieëltjie wanneer u terugstoot om te ry nie. Praat asb. met u kind om teen die palisadeheining na die ingangshek te beweeg. Dit is vir hul eie veiligheid.

## ANDER

**Personeel:**

Soos baie van u seker reeds verneem het, verlaat twee van ons Grondslagfase personeel ons in die loop van die kwartaal.

Juf. Monique Coetzee (Gr. 2A) het 'n nuwe betrekking as kleuterskoolhoof aanvaar by NG-Kerk Universitas-Wes se kleuterskool en verlaat ons op 19 Mei. (Onderhoude word volgende week gehou om haar plaasvervanger aan te stel). Ons wens haar alle voorspoed toe met hierdie nuwe uitdaging.


Juf. Phelicia van Vuuren wat tans aflos in juf. Nadine Malherbe se pos (wat tans met kraamverlof is), verlaat Tjokkies aan die einde van die kwartaal om saam met haar man na die Suid-Kaap te verhuis waar hy 'n nuwe geleentheid gekry het. Juf. Van Vuuren was self die eerste kwartaal met kraamverlof en juf. Annemarie Claassen het in haar Gr. 3-klas waargeneem. Juf. Claassen sal nou aanbly in hierdie pos tot aan die einde van 2023.

Baie dankie aan elkeen van hierdie onderwysers vir die waardevolle bydrae wat julle gelewer het. Ons gaan jul voorwaar mis.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 5 Mei: | Rugby vs Grey (tuis) |
| | Mini-Netbal festival (Onze Rust) |
| | SVS o/12 & 0/13 Netbalproewe |
| | SVS o/12 Hokkieproewe (seuns) |
| 6 Mei: | Nautilus (2de rondte) |
| 8 Mei: | Toetsweek begin Gr. 4-7 |
| | Rugby- & netballiga vs Fichardtpark (weg) |
| | ATKV Applous (UFS – Odion) |
| 9 Mei: | Skaakliga |
| | Finansiële komitee vergadering |
| 10 Mei | Christien Neser kom kuier by Tjokkies |
| 11 Mei: | Rugby- & netballiga vs JF (tuis) |
| 15,16 Mei | Boekuitstalling |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 5 Mei: | Juf. Ilne Erasmus (Gr. 3) |
| 8 Mei: | Juf. Annemarie Claassen (Gr. 3) |
| | Tannie Vicky Dean (Kaalvoetkafee) |
| 11 Mei: | Juf. Karen Marais (W/Adjunkhoof) |
| 12 Mei: | Juf. Marietjie Langenhoven (Musiek) |

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Die damesoggend saam met Ilse du Preez was ‘n reuse sukses!  Weereens dankie aan elke gasvrou, mammas en vriende van Tjokkies wat dit saam met ons geniet het.





Doen jou aankope by Meditas- of Universitas Spar en gooi jou strokie in Tjokkies se “boks”.  Spar gee persentasie van die totale bedrag wat in ons “boks” is terug aan die skool.

Dankie Callie Grobler vir jou Tjokkie-HARTKLOP

# UITSLAE SA SKOLE SWEMKAMPIOENSKAPPE

Vier kinders het die afgelope naweek deelgeneem in Durban en het die volgende plekke behaal:



**Meandri de Vos**
200m Borsslag – Silwer
100m Borsslag - 4de
400m Borsslag - 5de
200m Wisselslag – 6de
200m Vryslag – 9de

**Corné Liversage**
100m Borsslag - Silwer
50m Borsslag – Brons
200m Wisselslag – Brons
100m Vryslag - 6de
4 x 100m Wisselslagaflos – 5de
4 x 100m Vryslagaflos – 5de
4 x 50m Vryslagaflos – 5de
4 x 50m Wisselslagaflos – 7de

**Mark du Plessis**
200m Borsslag – 9de
50m Borsslag – 14de

**Luan Potgieter behaal die volgende plekke in die Multi-class afdeling:**
50m Borsslag – Goud
100m Borsslag – Goud
50m Vryslag – Silwer

Baie geluk met julle puik prestasies.

# REDENAARS

<u>**ATKV-Redenaars 2023**</u>

Die volgende leerders het op 4 Mei aan die ATKV-Redenaars te Kroonstad deelgeneem. Ons is trots op elkeen van julle!

Agter v.l.n.r.: Tehila de Bruyn, Mia Pienaar, JD Joubert, Cobus de Witt

Voor v.l.n.r.: Beate Terreblanche, Sion Nel, Andreas Rossouw, Renette van Niekerk, Emma Groenewald



# NB UITGEWERS

BOEKVERKOPING
15 EN 16 MEI 2023



**CHRISTIEN NESER**
KOM KUIER
BY
TJOKKIES
11 MEI 2023

CLEVER LITTLE MINDS

ONTHOU JOU BEURSIE EN KOM KOOP HAAR NUUTSTE BOEKE. VERSKEIDENHEID ANDER BOEKE SAL OOK BESKIKBAAR WEES

KONTANT OF KAART IS WELKOM
ANGELIQUE 0828239564
LOUISE 0828233851





R185





R185




R185




R205




R200

## Tjokkies & Willem Postma VIR JESUS

## 19MEI DAGKAMP

**ALMAL IN GR.4 -7 WELKOM.**

**KOM GENIET DIT IN TJOKKIES SE SKOOLSAAL!**

**14:15-17:15**

**LIVE PRAISE AND WORSHIP**

UNIVERSITAS — NET MY BESTE

Willem Postma Primêre Skool — LEWE IS DIENS

**R20** OP KARRI — LIGTE MIDDAGETE EN KOELDRANK INGESLUIT!



Art of Thea
Kinderkuns
Kom teken en verf saam!
VRYDAG 5 Mei
VRYDAG 12 Mei
VRYDAG 19 Mei
VRYDAG 26 Mei
@ Tjokkies Sentrum
(2 Louis bok straat Universitas)
KINDERS VANAF 6 JAAR
R120 per klas
13:45-15:00
Kunsklasse Vrydae na skool.
Tydens elke klas word 'n kunswerk voltooi soos aangedui op advertensie. U kind is welkom om een of meer klasse by te woon. Koste is R120 per klas of R400 vir 4 klasse.
Tjokkie maats kan ook 13:00 saam Thea stap na die @Tjokkies Sentrum en saam wag vir die klas.
Thea de Necker is 'n gekwalifiseerde grondslag fase onderwyseres wat die afgelope 5 jaar voltyds skilder. Besoek gerus haar facebook blad by Art of Thea.
Bespreek by Thea - 084 842 5056




Open to the Public!
Visit us for Great Deals!
Major Vehicle Services From Only R1600
Book now at (051) 448-3571
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571
Service Centre Manager: Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
Service Advisor: Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
Trading Hours: Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)
T&Cs Apply on Specials and Promotions
miwa
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE



**Lees en Konsentrasie 'n probleem?**

# Goeie nuus.

**Lees en konsentrasie program**

3de kwartaal beskikbaar
by Tjokkies
in die middae na skool.

Dinsdag en Donderdag
Slegs 'n uur per klas

**Slegs R350 per maand**

Verbeter kognitiewe vaardighede
Verbeter lees vaardighede
Verbeter Geheue
Verbeter selfvertroue
En nog vele meer

Belê in jou kind se toekoms.
Skryf sommer vandag in.

## Skakel Liani 067 235 1982